

Van die lessenaar

Ons gee graag ons beste wense aan julle almal dié Desember en hoop dat julle 'n geseënde Kersfees saam met julle families het. Mag die seisoen vir almal moed gee en hoe moeilik die lewe en die bedryf ookal is, bly ons gesinslewe belangrik en verdien dit ons ondersteuning en geloof.

Sommige ekonome voorspel dat Suid-Afrika volgende jaar in 'n resessie gaan wees. Terwyl ek hoop dat hulle voorspellings verkeerd is, is dit duidelik dat die ekonomie in vlak water aanploeter. Dit is moeilik om aan 'n rede vir ware hoop te dink, maar ons moet aan hoop glo. Met dié skrywe is 'n ware beeld van die risikos van die droogte wat ons in die gesig staar nog nie beskikbaar nie. Prakties gesproke sal ons sukkel om meer as twee miljoen ton mielies in te voer. So lank as wat die plaaslike oes minstens agt miljoen ton is, sal ons genoeg hê vir voedsel en voer. 'n Tekort aan wit mielies sal natuurlik 'n paar mieliemeel verbruikers ontevrede laat. Hoë pryse is hier om te bly. Ons sal 'n punt daarvan maak om ons lede op hoogte te hou van die stand van die droogte en het reeds voorleggings aan die DvLBV gemaak om hulle met hul beplanning te help. Dit is 'n rekenkundige feit dat mielieverbruikers wat reeds swaarkry, dié jaar R 8,4 miljard moet betaal vir hulle mielies, terwyl die mielie-industrie as 'n geheel net sowat R1 miljard jaar teenoor jaar verloor het.

Nuwe organisasies

Die eerste komiteevergadering van die nuwe Eierorganisasie het op 12 November plaasgevind. Die nuwe uitvoerende raadslede is bevestig as Robin Barnsley as voorsitter, Nic Elliot as vise-voorsitter en dr Naude Rossouw as derde uitvoerende lid. Die raadsvertegenwoordigers is Robin Barnsley, Achmat Brinkhuis, Koos Pretorius en Willie Bosoga. Die twee alternatiewe raadslede is dr Naude Rossouw en Colin Steenhuisen. Roelof Viljoen is herontplooi na 'n ander posisie in die Quantum-groep van maatskappye, en die nuwe verteenwoordiger van Quantum is Adel van der Merwe.

Die Eierorganisasie het hul eie begroting hersien en goedgekeur en 'n siening oor die gedeelde dienste-begroting ontwikkel. Van die belangrike besprekings het rondom ons vermoë om statistiek aan kommersiële liggame te verkoop gewentel. Dit is 'n idee wat ons saam met ons prokureurs verken om julle, as verskaffers van data en die SAPV as julle verteenwoordigende liggaam, te beskerm. Ek is nie seker hoeveel geld ons kan maak deur statistiek te verkoop nie, maar ek dink dit is 'n grondige beginsel en die moeite werd om te verken. Dit geld ook vir ons webwerf wat nou net 'n onkoste vir lede is. Maniere om geld deur die webwerf te maak sal mettertyd ondersoek word.

'n Lang bespreking is oor die begroting van die Produktontwikkeling en Bestuursvereniging gehou. Tot dusver het ons nie die jaarlikse begroting in enige van die jare ná die struktuurverandering van die vereniging benut nie. Ons dink dit is sinvol om die begroting te heroorweeg ná die aanstelling van die nuwe direkteur sodat ons saam met die nuwe leier die strategiese logika van die vereniging kan heroorweeg en ook die mees effektiewe manier om dié doelwitte te behaal. Ek is van mening dat ons nou 'n effektiewe Produktontwikkeling en Bestuursvereniging kan hê teen laer bedryfskoste.

Die Eierorganisasie is van mening dat die voorgestelde openbare betrekking-veldtog in die stadium van hulle ontwikkeling onbekostigbaar is. Hulle meen dat dit 'n goeie idee is en die moeite werd om in 'n later stadium te oorweeg. Die kommunikasie-begroting bly in sy huidige vorm totdat al die nuwe personeel aangestel is en ons 'n beter idee het van die SAPV en samestellende organisasies se moontlike inkomste.

Dit is duidelik dat die verminderde begroting van 2016 steeds meer as die waarskynlike inkomste is weens die huidige lidmaatskap-vlak. Die befondsingsmodel bly 1 sent / dosyn eiers verkoop. 'n Model om ander gedeeltes van die waardeketting billik te faktureer moet ontwikkel en goedgekeur word. Bydraes van kuikenprodusente moet bly soos voorheen. Om die nuwe Eierorganisasie aan die gang te kry het ons 'n hele paar nuwe lede nodig. Dit sal 'n belangrike projek vir 2016 wees.

Soos verwag is die Galliova-begroting vir 2016 goedgekeur met 'n paar variasies op die 'standaard' model. Die bedoeling is om die Galliova-toekennings buite die Wes Kaap aan te bied. Daar sal ook 'n paar veranderinge aan die pryskategorieë wees. Die pryse sal wees: Kosskrywer, Tydskrifte; Kosskrywer, Poniekoerante en Koerante; Gesondheidskrywer; Opkomende Skrywer (Kos of Gesondheid); Eierkampioen (Kos of Gesondheid); en Aanlynskrywer (Kos of Gesondheid).

Die 2015-weergawe van Galliova het ons blootstelling ter waarde van R3,2 miljoen gegee vir 'n heelwat minder begrote onkoste. Inderdaad 'n goeie belegging.

Die Eierorganisasie kyk na die beste manier om die oorskot heffing te gebruik. Ons het dit as onwys beskou om die Nasionale Landbou Bemerkingsraad SA (NLBR) te nader voordat ons duidelikheid oor ons toekomstige doel het. Noudat die nuwe grondwet in plek is, is dit tyd om sulke planne te maak. Die Braaikuikenorganisasie sal dieselfde gesprek hê en die raad sal dan oor die aansoeke beslis. In terme van die NLBR-riglyne moet oorskot heffingsfondse aan hervormingsaktiwiteite spandeer word. Die Eierorganisasie meen dat die stigting van 'n omheiningsfonds, waarvan die fondsgroei vir opleiding en verwante doeleindes gebruik kan word, die voorkeur-opsie is. Dit sal dan 'n immergroen fonds wees. Die Eierorganisasie wil graag van die oorskot fondse gebruik om ons verpligtinge aan die Universiteit van Pretoria na te kom om die leerstoel in pluimveegesondheid en produksie te befonds. Dit sal 'n goeie stap vorentoe wees om die hoofstuk oor heffings op dié manier af te sluit.

Die Eierorganisasie kyk of daar dalk wetlike onsekerheid is oor die mikrobiologiese standarde wat vereis word vir ongepasteuriseerde eierpulp. Standaarde vir gepasteuriseerde pulp bestaan, en ons sal deur al die toepaslike wetgewing spoorsny om te sien watter wette en regulasies hier van toepassing is. Indien enige leser 'n mening hieroor het sal ons dankbaar wees as jy ons kontak om dit in diepte te bespreek.

Na ons laaste vergadering met die DvLBV oor die voorgestelde wysigings aan die Wet op Landbouprodukstandaarde wat nodig is om geldige regulasies vir vrylopende hoenders in die land te hê, is dit duidelik dat die proses nog lank en uitgerek gaan wees. Die DvLBV is bereid om konsepregulasies vir kommentaar uit te reik wanneer die Wet op Landbouprodukstandaarde voor die Parlement gelê word om die proses te probeer bespoedig, maar dit is nog jare van nou af. Aangesien die definisie van vrylopend in die huidige eierverpakking-regulasies veels te beperkend is in terme van wat verbruikers glo vrylopend is, het ons ooreengekom om 'n vrylopende protokol daar te stel wat deur 'n buite maatskappy gekontroleer kan word en wat 'n SAPV merk daarop het. Ons hoop dit sal produsente en verbruikers help met die betekenis van vrylopend. 'n Span sal vroeg volgende jaar aan die voorstel begin werk en alle vrylopende produsente, insluitend braaikuikenprodusente, sal genooi word om kommentaar te lewer wanneer dit gereed is. Die onkoste vir die opstel van die stelsel sal deur die SAPV gedra word, maar die koste van die oudit deur die onafhanklike derde party sal vir die produsente se rekening wees.

Die eerste vergadering van die nuwe Braaikuikenorganisasie-komitee en die Raad sal plaasvind na die nuusbrieff geskryf is. Ons sal in die volgende brief oor hul beraadslagings verslag lewer. Die Raad van die Pluimveebulletin en die Transformasie-komitee sal terselfdertyd ontmoet. Ek sien veral uit na die vergadering van die Transformasie-komitee omdat ons stukrag aan verandering in ons bedryf moet gee. Ons wag steeds vir die aanwysing van pluimvee (vleis en eiers) deur die dti. Dit sal 'n ware hupstoot in markgeleenthede aan die kleiner en nuwe deelnemers in die pluimvee waardeketting gee. Die Pluimvee Gesondheid en Welsynsgroep het verlede maand vergader en die belangrikste onderwerp van bespreking was die heroorweging van die gebruik van die voorgestelde SABS-standaard as byvoeging tot ons hersiene Praktyskode. Die idee is dat ons aan ons kode werk terwyl ons betrokke is by die voorgestelde SABS-standaard en so sien watter meganisme die industrie-behoefte die beste sal dien.

SAPV strategie

Goeie nuus is dat dr Charlotte Nkuna die posisie van Senior Bestuurder aanvaar het en sluit op 1 Desember by die SAPV aan. Sy sal na die belange van die Eierorganisasie, transformasie en die meeste van die regering se verhoudings-portefeulje kyk.

Onderhoude vir die posisie in die Produktontwikkeling en Bestuursvereniging word op 1 Desember gehou en ek hoop die volgende nuusbrief het 'n aankondiging oor die nuwe direkteur. Dan is ons nuwe en kleiner span volledig en in werking.

Ek het verlede maand genoem dat al drie werknemers wat in die laaste rondte van die herstrukturering afgedank is, hul afleggings na die KBVA geneem het vir oplossing. Een van die vorige werknemers het die saak met ons geskik, 'n tweede se saak is verwys vir arbitrasie en die datum moet nog bepaal word, en die derde oud-personeel is deur die bemiddelingsfase van die proses met verdere stappe wat dalk sal volg. Dit beteken dat dit onwaarskynlik is dat die saak voor die eerste kwartaal van volgende jaar opgelos sal word.

Ek het verlede maand genoem dat ons ontdek het dat 'n oud-werknemer die naam van die OPBO wanaangewend het. Dit is blykbaar gebruik om lede te werf en moontlik fondse vir 'n ander organisasie as die SAPV. Die regsproses om ons bates te herstel is aan die gang en soos met al dié tipe prosesse kan ons nie voorspel hoe lank dit sal neem om die saak te besleg nie.

Handel

Ek het verlede maand geskryf oor die AGOA konsepriglyne wat na my mening te vroeg gepubliseer is. Ons het aan die Itac-proses deelgeneem, ons bekommernisse voorgelê en ook verskeie insette gelewer. Ons kan steeds weerstand bied as ons nie tevrede is met die riglyne nie. Daar is talle probleme wat Itac in die gesig staar indien hulle buite die ooreengekome proses waaraan ons die laaste jaar deelgeneem het optree.

Dit is belangrik om kennis te neem dat hoewel ons in die besprekings oor belastingvrye kwotas vir teenstorting ingesluit is, ons nie in die bespreking rondom die SPS kwessies ingesluit is nie. Dié sake behoort nie deel van AGOA te wees nie, omdat dit die normale werk van veeartsenykundige gesondheidspesialiste in die verskeie lande is. Wetenskaplike kennis verander met tyd en daar is geen rede hoekom die SPS-protokol nie hersien kan word wanneer meer kennis opgedoen word nie. Die reëls behoort egter nooit te verander omdat handels-onderhandelaars dit wil verander nie. Afgesien van die voëlgriep- en salmonella-sake wat Amerika aangeraak het, hoop ons dat hulle besef dat arseen wat coccidiostatica bevat nie in Suid-Afrika toegelaat word nie. Ons hoop dat bykomende sorg geneem sal word met die keuse van oorskot donkervleis van Amerika af om seker te maak dat dit nie verwerp word weens ongeregistreerde middels as dit hier aanland nie.

Julle sou almal al gehoor het of die Amerikaanse bedreiging teen ons ander landbou-uitvoere uitgevoer is voor die volgende nuusbrief. My gevoel is dat 'n kompromie saamgeflans gaan word en ons gaan voort hobbels tot die volgende rondte druk van die VSA af. Dit is hulle geskenk, so hulle speel die kitaar. Ons het net die keuse om te sê wat ons bereid is om te gee en wat nie. Op 'n vergadering van AGOA-begunstigdes wat verlede maand gehou is, het die sitrusbedryf erken dat hulle sal voortgaan om na Amerika uit te voer selfs al word die tariefvoordele onttrek. Dit sal hulle profyt beïnvloed maar nie hul vermoë om uit te voer nie. Sal dieselfde vir ander landbou-uitvoere geld? Ons sal moet wag en sien.

AGOA het die laaste tyd baie media blootstelling gekry. Omdat ek nou by die proses betrokke is verstaan ek die nuanses van die besprekings. Dit fassineer my hoe min begrip vir die proses in ons media weerspieël word. Ek wil julle nie met herhalings verveel nie, maar die feit dat AGOA hernu is lewer getuie van die goeie werk wat die dti en minister Davies die laaste ruk gelewer het. Die feit dat Amerika steeds die doelpale verskuif om te probeer om ons op 'n verkeerde voet te vang is nie 'n weerspieëling van die vermoë van die dti om die proses te bestuur nie, maar eerder 'n verklaring van

die aard van die proses: Amerika stel die reëls soos en wanneer hulle wil. Dit is verbasend om te sien hoeveel 'wedersydse' tipe taal in die huidige weergawe van AGOA is – geen ander Afrika-land wat deur AGOA bevoordeel word het enige insette gelewer in die opstel van die hernieude wetsontwerp nie.

Ons het met die Amerikaanse ambassade ontmoet om ons uitvoere na Amerika toe te bespreek en 'n mens kan sien dat dit 'n moeilike proses gaan wees. Die rooivleisbedryf probeer omtrent die afgelope tien jaar al om toegang tot die mark te kry. Amerika beweer in ons geval dat daar voëlgriep in Suid-Afrika is. Ons weet almal dat dit vals is, maar hoe bewys 'n mens iets aan iemand wat verkies om nie die rasonale en behoorlike manier te volg om sulke sake te bespreek nie? Nog 'n voorbeeld: Amerika het hulself onlangs vry van voëlgriep verklaar, maar terslfdertyd erken dat hulle nie al die besmettings in agterplaas-kleinvee opgeklaar het nie. Skielik is agterplaas-kleinvee nie meer hoenders nie! Nou dat ons in la-la-land is, wat sal hulle sê as ander lande ophou om voëlgriep te verklaar omdat dit glo net in kleinvee in agterplase is en daarom het hulle dit nie? 'n Hoender is 'n hoender is 'n hoender.

Ten einde laaste lyk dit asof daar 'n verhoordatum vir die Namibiese saak is – moontlik in Junie volgende jaar. Vorige ondervinding het my entoesiasme getemper dat die Namibiese regering en betrokke pluimveemaatskappy nie sal probeer om die saak verder uit te stel nie, maar ons sal ons saak so gou moontlik voorlê. Die uitstel van die saak mag ons frustreer, maar dit maak nie hulle saak sterker nie. Verbruikers is duidelik die verloorders in die saak, maar 'n paar werknemers en nog minder eienaars is ietwat bevoordeel met die verbod op individueel vinnig-gevriesde invoere en beperkings op totale invoere.

Wiesenhof, die groot Duitse produsent wat ons en die regering voor die hof gedaag het oor beweerde onvanpaste gebruik van teenstortingstariewe deur Itac en die regering, het die saak onttrek en ingestem om ons belasbare regskoste te betaal. Hulle moet nog instem om regskostes van hul eerste mislukte aansoek teen verlede jaar se voorlopige maatreëls te betaal. Ons sal die saak nou aanspreek en kan hopelik nog 'n regsuitdaging teen ons voorskriftelike handelsbestuur vroeg in die nuwe jaar afhandel.

Pekelwater

Ons het verlede maand ons lang beloofde vergadering met amptenare van die DvLBV gehad. Dit was baie suksesvol en beide partye het erken dat die manier waarop hulle op mekaar reageer het nie op die normale vlak was wat in ander gevalle die geval was nie. Ons kan nie die verlede ongedaan maak nie, maar ons kan versoen en ek glo beide partye wil dit doen. Die DvLBV deel ons siening dat die land bestendige afdwingbare regulasies moet hê. Hulle is bereid om te luister waarom ons dink die huidige wetsontwerp nie deeglik is nie. Ons sal ons ontleding en voorstelle vroeg in Desember indien. Ons sal ook weer ons logiese gronde vir persentasies in 'n ander formaat indien en die redes vir ons denke. Gevolglik skei ons ons gewone tegniese voorleggings van die tegniese, ekonomiese, en sosiale voorleggings. Ons hoop om ons voorleggings in Desember met die DvLBV te bespreek sodat die minister later die jaar of vroeg in 2016 daarvoor kan nadink. Dit sal uitstekend wees as ons die saak kan oplos.

Ons verbruiker-navorsingsverslag is nog nie gefinaliseer nie. Die verslag bestaan uit kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing wat gemeng is in die werk wat tot dusver aangebied is. 'n Hersiene verslag behoort teen die einde van die jaar beskikbaar te wees. Ons sal dan op die mees gepaste manier besluit om die inligting met verskillende belanghebbendes te deel.

Ons pogings om toegang tot die rou data te kry wat die DvLBV gebruik het om die vlakke in die huidige konsep-regulasie te bepaal word steeds deur die drie instansies wat daarby betrokke was gekortwiek: die Landbounavorsingsraad, die Universiteit van die Vrystaat en die Tshwane Universiteit van Tegnologie. Ek is nog

steeds verstom waarom hulle so bang is om die data wat in die openbare verslae gebruik is vry te stel. Bizarre. Ons glo in ons regstelsel en hulle pogings om te skuil sal tot niet kom.

Internasionale Organisasie vir Diergesondheid (OIE)

Ek dink ek het ons lesers aangeraai dat ek onlangs die taak deur die Internasionale Eierkommissie opgelê is om hulle belange by die Dierewelsyn-werkgroep van die OIE te verteenwoordig. Die groep hanteer alle spesies, nie net hoenders nie en ons werk aan die volgende globale OIE-konferensie wat in Desember 2016 gehou sal word. Ek is ook deur die OIE gevra om 'n paar probleme in die voorgestelde standaard vir die welsyn van braaikuikens in die slagproses afsonderlik te hanteer. Ek het verlede maand tyd in Parys deurgebring en is bly om te kan berig dat 'n kompromie, ná knibbelary aangegaan is wat aan die behoeftes van die EU en die res van die wêreld voldoen. Die kompromie sal ons toelaat om voort te gaan met ons slagtingspraktyd wat aan Halaal-standaarde voldoen. Daar sal wel nog verdere uitkomsgebaseerde maatreëls ingestel word sodra die voorstel aanvaar word. Dit is moontlik dat die nuwe deel van die OIE-kode volgende jaar in Mei aangeneem kan word, maar meer waarskynlik in Mei 2017. Sodra openbare teks beskikbaar is sal dit met braaikuikenlede gedeel word.

Regering interaksies

Ons werk aan ons voorleggings vir die voorgestelde sektorale vasstellings vir die abattoir sektor wat vroeg in Desember gedoen word. Ek verwag dat die proses 'n paar keer herhaal gaan word voordat dit voltooi is en dit is ook moontlik dat die Departement van Arbeid daarteen kan besluit.

Algemeen

Ek het die laaste aanbiedinge van die Astral-resultate bygewoon en dit 'n interessante manier gevind om met die beleggingsgemeenskap te wisselwerk. Indien enige produsent wil hê die SAPV moet hulle openbare vergaderings bywoon, is ons meer as bereid om dit te doen en indien nodig ook enige spesifieke vrae te beantwoord.

'n Nuwe inisiatief deur die Burgers in Venootskap met die Regering is om 'n Suid-Afrika-dag te ontwikkel wat deels op die Australiese dag geskoei is. Dit is 'n geleentheid vir alle grootte Suid-Afrikaanse besighede om hulle 'Suid-Afrikaansheid' te vier. Die idee is verlede maand van stapel gestuur en die datum vir die eerste viering sal volgende jaar bevestig word. Sodra ek meer inligting het sal ek dit met julle deel. Dit is 'n geleentheid vir almal om nou en ook by ons toekoms betrokke te raak.

Groete tot volgende maand

Kevin Lovell

Hoof Uitvoerende Beampte